BYBELSTUDIE 65 **29 Desember 2021**

Lees Exodus 26:15-30 **TEMA: "DIE TABERNAKEL!"**

HOE DIE STYLE AANMEKAAR GEHEG WAS

INLEIDEND: Ons het kennis geneem van die 48 style; 20 elk aan die noorde en suidekant; 6 aan die westekant, met 'n ekstra 2 aan die binnekant. Al dié style was 6 m lank en 90 cm breed. Elke styl het gerus in 2 silwervoetstukke. Hierdie style dien as tipe van die Kerk!

1. **By hierdie geleentheid bespreek ons in detail: "Hoe hierdie style aanmekaar geheg was; en die simboliek daaraan verbonde!"**